


Hoe om deel te wees van Ekerk Learning Community Webinaar via Google Hangout on Air

Goeie dag. Hier volg die stappe om deel te wees van ekerk se Learning Community webinaar:


Heel eerste moet 'n Google+ rekening geskep word. Dit kan direk hier gedoen word. Indien jy nie 'n Google+ rekening het nie, kan jy een skep en inteken.

Indien jy alreeds 'n Gmail rekening het, het jy alreeds 'n Google+ rekening weens dit gekoppel is. Vir die wat alreeds Gmail rekening het: teken in op julle internet browser met julle Gmail rekening. Regs bo sal julle julle +naam sien. Bv. +Pierre, +Pieter, +Susan ens. Click daarop. Julle sal nou by julle Google+ rekening wees.

Nou moet jy ingeteken wees in jou Google+ rekening en jy sal op jou Profile page wees. (kyk hieronder)



Click op die Profile tab en kies **Events** (soos hieronder)




Hoe om deel te wees van Ekerk Learning Community Webinaar via Google Hangout on Air

Die Event wat geskep is, sal die naam **hê waarvoor jy geregistreer het**. Sodra jy geregistreer het, en jy het 'n Google+ rekening sou ek jou uitgenooi het na die Webinaar groep toe. Ek het die hele groep uitgenooi na die webinaar toe.

Al wat nou gedoen moet word is om deel te word van die *live* webinaar. Dit word gedoen soos volg:

- 1) **Click op die naam van die Webinaar** soos hierbo. Dit sal dan 'n nuwe bladsy oopmaak wat soos volg lyk:



Druk op die speel knoppie. Daar sal 'n aparte venster oopmaak en julle is dan deel van die webinaar. Indien julle te vroeg is, dan sal die tyd afloop op die venster. Indien julle betyds is, dan behoort julle iemand te hoor praat. Indien nie, kyk of jou klank van jou rekenaar aan is en jou klank onder op die youtube venster is ook aan.

Alternatiewelik kan julle lewendig op www.youtube.com/ekerkwebinaar ook kyk. Julle kan dan deelneem deur *comments* te los.

Indien julle vashaak kan julle my op Google hangout kontak by pierre@ekerk.org. Of epos op dieselfde adres (Ek sal hom oop hê en sien indien iemand my kontak en vashak). Of alternatiewelik, skype my by username: pierreengelbrecht.

Hoe daar gesels gaan word tydens die webinaar is deur vrae te vra via die Q&A. Dus gaan julle slegs die aanbieder hoor, maar julle gaan nie mekaar kan hoor nie. Alternatiewelik kan daar 'n epos gestuur word na pierre@ekerk.org tydens die webinaar. Dit sal die hele tyd oop wees om te kyk vir die vrae of probleme. Daar kan ook via Google Hangout gechat word. Indien julle 'n Google + profiel geskep het, sal ek met julle kan gesels via Google Hangout. Ek het die klomp wat alreeds Google+ profiele het, deel van die Learning Community en Webinaar Circle gemaak op Google Hangout. Sodra almal 'n profiel het, sal ek almal deel van die circle maak en dan sal ons *live* kan chat met mekaar terwyl die webinaar aan die gang is.